



Prediking wat transformeer – prakties-teologiese gesigspunte

C.J.H. Venter
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: kwscjhv@puk.ac.za

Abstract

Preaching that transforms – perspectives from Practical Theology

In this article the issues of preaching and transformation are investigated. The aspects of mind, attitude and conduct are focused on as three areas for transformation by means of preaching. As background and at a basis-theoretical level applicable parts from Scripture are scrutinised more closely. The importance of the following aspects is also highlighted: the embedded and biblical meanings attached to preaching and transformation; the implications of a change of mind, attitude and conduct. At the meta-theoretical level attention is directed to the influence of contemporary cultural patterns and the importance of language utilisation in preaching. In this regard the application of metaphors is touched on. From the viewpoint of psychology as discipline the focus is directed to human personality and transformation, as well as to psychological trends in a process of change. The aspect of identification between preacher and hearers as a requirement for transformation is also addressed. Finally a few practice-theoretical viewpoints are stated.

Opsomming

Prediking wat transformeer – prakties-teologiese gesigspunte

In hierdie artikel word toegespits op prediking wat transformeer. Daar word veral gekonsentreer op drie terreine waarbinne transformasie deur prediking teweeggebring word, naamlik die mens se denke, gesindheid en gedrag. Op basis-teoretiese vlak word toepaslike Skrifgedeeltes nader ontleed ten opsigte van prediking. Ook die volgende verbandhoudende aspekte word

betrek: die begrip transformasie en wat verandering in denke, gesindheid en gedrag impliseer. Op meta-teoretiese vlak word toepaslike dimensies ontleed wat verband hou met prediking tot transformasie. Daar word veral gelet op die invloed van die huidige kultuurpatroon. Die aanwending van toepaslike taalgebruik (veral van die aanwending van metafore) in prediking wat poog om transformasie te bewerkstellig, word ook belig. Vanuit psigologiese hoek word gesigspunte gebied op die menslike persoonlikheid en verandering, asook op psigologiese verskynsels in 'n proses van moontlike verandering. Die psigologiese aspek van identifikasie tussen prediker en hoorders word ook belig. Laastens word enkele praktyk-teoretiese gesigspunte gestel.

1. Oriëntering

Die gebruik van die begrip *transformeer* is aan die orde van die dag ná die oorgang en veranderinge wat in 1994 in Suid-Afrika begin het en tans steeds voortgaan – veral op politieke en sosiale vlakke. As begrip word *transformeer* weergegee met *omvorm*, *vervorm* en *van gedaante verander* (Labuschagne & Eksteen, 1993:943). Brits (2001:32) wys daarop dat die begrip *transformasie* tans juis sterk gebruik word in politieke pastoraat, wat ingestel is op die verandering en vernuwing van maatskaplike strukture waarin mense vasgevang sit (vgl. ook Feltman, 1996:19). Tog het die saak van transformasie ook in Suid-Afrika meer as net een kant. Die primêre fokus van hierdie artikel is dus nie gerig op politieke transformasie nie, hoewel dit nie uitgesluit word nie. In dié artikel word meer aandag gewy aan teologiese en meta-teoretiese perspektiewe op prediking wat transformasie in die oog het.

In die beredenering van die onderwerp kom vrae soos die volgende aan die orde: Kan daar sprake wees van transformasie in Bybelse sin? Indien wel, wat hou dit dan in? Wat moet getransformeer word? Hoe moet transformasie plaasvind? Wie moet dit doen?

Vanuit verskillende vakgroepe in die teologie word ook aandag aan aspekte van transformasie gewy. Campbell-Lane (2003:63-74) fokus op enkele Nuwe-Testamentiese gegewens oor transformasie, in die sin van innerlike verandering. Sy ondersoek ook bepaalde toepaslike gedeeltes uit die Ou Testament, met die klem op ou en nuwe verbond, veral in Esegieël 36 en 37 (Campbell-Lane, 2003:43-44). Kruger (2004:4-12) behandel populêr-dogmaties bepaalde kerkstrukture wat in die weg van transformasie kan staan. Op die vlak van die Homiletiek het transformasie 'n aktuele navorsingsonderwerp geword. Rothman (1991:22-28) behandel die aspek van

die prediker se visie vir die gemeente met die oog op transformasie. Reed (1999:82-87) beredeneer die noodsaaklikheid van eksistensiële kennis van die gemeentesituasie by die prediker, ten einde transformerend te kan preek.

Craddock (1985:61) is uitgesproke daarvoor dat prediking geskied “not only *to* but *for* the people”. Met die oog hierop bepleit hy transformasie deur die induktiewe metode van prediking. Long (1989a:50 e.v.) beklemtoon dat ook die prediking van die literêre vorm waarin ’n preekteks geskryf is, ’n agent is vir transformasie. Buttrick (1987:333 e.v.) stel verder dat ook die beweging binne ’n preekteks self dinamiek tot transformasie inhou. In Suid-Afrika fokus Kruger en Venter (2003:461-484) op prediking en gesindheidsverandering en Pieterse (2001) bepleit transformasie in prediking, veral in sy werk *Prediking in ’n konteks van armoede*. Brits (2001:200 e.v.) bou op Pieterse se werk voort, deur onder andere ’n hermeneutiese raamwerk te ontwerp vir prediking binne ’n konteks van armoede.

Op grond van die verkenning van die werk van die genoemde outeurs, kan afgelei word dat transformasie, veral deur middel van prediking, ’n aktuele tema is vir hierdie tyd. Binne die konteks van huidige navorsing word gepoog om met hierdie artikel ’n nadere verkenning te bied op die vlak van prediking wat transformeer. Basis-teoreties sal aandag gewy word aan enkele Nuwe-Testamentiese begrippe vir prediking en aan die doel van prediking. Die aksie van en die terrein vir transformering, sal aan die orde kom, deur dieptesnitte van toepaslike gedeeltes uit die Nuwe Testament te maak, veral dan van transformering op die vlakke van denke, gesindheid en gedrag. Voorts sal op metateoretiese vlak aandag gewy word aan psigologiese en literêr-teoretiese aspekte in die prediking van verandering. Afsluitend word bepaalde praktyk-teoretiese perspektiewe gebied.

2. Prediking wat transformeer – basis-teoretiese gesigspunte

2.1 Die begrip *prediking*

Woordbedieningsbegrippe kom wyd verspreid in die hele Nuwe Testament voor. In hierdie onderafdeling word gefokus op ’n seleksie begrippe vir prediking, wat as toepaslik beskou word vir prediking van transformering.

- Eerstens is 'n sentrale konsep vir verkondiging in die Nuwe Testament *parakalein*. Louw en Nida (1989, II:407) plaas hierdie woord binne die subdomein van *versoek*, veral ook met beklemtoning van die gedagte om met diepe erns by iemand te pleit om te verander. Tog is in hierdie konsep ook die nuanse vervat van vertroostende bystand en begeleiding tot verandering, byvoorbeeld uit droefheid na blydskap. In die Pastorale Briewe en ook in Romeine 12 word dié aksie van prediking deurgaans verbind met die versoeningswerk van Christus en veronderstel dit ook die inwerking van die Heilige Gees in mense in 'n bepaalde konkrete situasie, juis om mense in die situasie te transformeer.
- Tweedens word aandag gewy aan prediking tot verandering, as die aksie van kerugma. Kerugma het die nuanses van aankondig, vertel of preek – “to publicly announce religious truths and principles while urging acceptance and compliance” (Louw & Nida, 1989, II:417; vgl. ook Bagster, s.j.:230). Voorts veronderstel *verkondig* in die gestalte van kerugma die aankondiging van 'n nuwe stand van sake (byvoorbeeld die koms van die koninkryk – Matt. 3:2) of die werklikheid van die opstanding van Christus (2 Kor. 4:5), wat juis die kern was van die oudste kerugma.
- Derdens is die begrip *euangellizomai* vir ons onderwerp van belang. Louw en Nida (1989, II:107) stel dat dié begrip dui op die oordra van goeie nuus – met ander woorde op die oordra van die evangelie. In Hebreërs 4:2 word dié verkondigingsaksie byvoorbeeld gebruik vir die blye boodskap wat reeds vir 'n lang tyd aan die gelowiges verkondig is (Moulton & Milligan, 1974: 259). Hierdie blye boodskap het hulle gehoor, maar dit het hulle niks gebaat nie, want hulle het nie geglo wat hulle gehoor het nie. Die implikasie van die evangelie wat verkondig is, is transformering: glo hierdie Woord, moet dit nie geringskat nie (vgl. Kruger & Venter, 2003:577).
- Vierdens word die aandag gevestig op die begrip *getuig* (*martureo*) as 'n bepaalde gestalte van prediking met as doelwit om te transformeer. Die uitdrukking *om te getuig* dui op 'n persoon wat vertel wat hy/sy persoonlik gesien en gehoor het van 'n derde persoon of 'n saak (Kruger & Venter, 2003:578). In Hebreërs 10:15 word gestel dat die Heilige Gees getuig oor dit wat die Woord sê, met ander woorde, oor dit wat God van Homself openbaar. Die band tussen Gees en Woord en ook Gees en preek tot transformasie, word hier duidelik gestel (vgl. Bauer, 1979:87).

Die aksie van prediking as getuie tot verandering is die grondmetafoor in 'n boek van Long (1989b), *The witness of preaching*. Hy meen dat alle ander gestaltes van prediking juis saamval in en herlei kan word tot die één metafoor van getuie. Dit is inderdaad 'n verfrissende siening, maar die vraag bly of dit nie 'n verskraling van die aksies van prediking tot verandering is indien net één aksie verbesonder word in die omvattende aksies van verkondiging nie.

Samevatting

Die seleksie begrippe vir prediking wat hierbo ontleed is, dui op die verskeidenheid in die aksies van verkondiging tot transformering, maar het inherent een gemeenskaplike ondertoon, naamlik om te verander, te transformeer. Die werk van die Heilige Gees in transformasie kom in hierdie begrippe direk ter sprake of word veronderstel.

2.2 Die Skrif as bron van die prediking

In hierdie verband is 2 Timoteus 3:16 van belang. “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel, en die regte lewenswyse aan te kweek ...”. God se doel met die Bybel is dus transformering. Vanuit 2 Timoteus 3:16 kan die doel van die Skrif as bron vir transformering aangedui word deur die volgende aksies:

- In die waarheid onderrig: transformering – sodat die leuen nie seëvier nie.
- Om dwaling te bestry: transformering – sodat die ware leer geglo en geleef word.
- Om verkeerdhede reg te stel: transformering – sodat die gelowiges reg glo en lewe.
- Om die regte lewenswyse aan te kweek: transformering – sodat verkeerde gewoontes en gedrag nie die gelowige se lewe beheers nie.

Dit kan dus afgelei word dat die doel van God met sy Woord en die prediking is om te verander, te transformeer van 'n (negatiewe) toestand wat was, tot 'n (positiewe) toestand in die hede en in die toekoms (vgl. Feltman, 1996:16).

2.3 Die begrip *transformasie* as verandering

Vir die doeleindes van hierdie artikel word gefokus op verandering in denke, gesindheid en gedrag. Dit is inderdaad so dat soortgelyke begrippe vir transformasie in die Ou en Nuwe Testament betrek word, byvoorbeeld *bekering*, *wortelbekering* en *daaglikse bekering* (vgl. Smit, 1985:60-75) wanneer oor verandering gepraat word. Tog word hier veral op twee begrippe gefokus, naamlik *verandering* en *vernuwing*. Die motivering is dat hierdie aspekte sentraal staan, veral in Paulus se Briewe waarin oor die getransformeerde lewe van die nuwe mens in Christus gehandel word.

- **Romeine 12:1 en 2**

Dit is belangrik om te let op die verband waarin Romeine 12:1 en 2 staan. Romeine kan breedweg in vyf hoofdele ingedeel word, met as oorkoepelende tema vir die Brief dat die regverdige wat deur God onskuldig verklaar is, sal lewe. Van Romeine 12 af begin die laaste hoofdeel van die Brief. In dié deel word gehandel oor die lewe van die vrygespreekte as 'n dankoffer aan God (Coetzee, 1995:51).

Die nadere verband wys dat Romeine 12:1 en 2 'n afsonderlike perikoop vorm. In vers 1 staan 'n sentrale indikatief, wat die hele deel beheers. “Ek vermaan julle op grond van die *groot ontferming van God*”. Die verkondiging word hier verbind aan God se ontferming en dié uitdrukking beheers al die imperatiewe tot verandering wat verder in Romeine 12 volg.

Die gevolg daarvan dat gelowiges hulleself as lewende dankoffers ten dienste van God stel, word uiteengesit in die “veranderingstek”, naamlik vers 2: “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.”

Die rede waarom verandering en vernuwing moet plaasvind, is omdat gelowiges nog leef in 'n sondige wêreld. In hierdie gedeelte staan letterlik dat gelowiges leef in hierdie *aeon*. Ten opsigte van *aeon* moet onderskei word tussen die ou *aeon* (voor Christus) en die nuwe *aeon*, wat inhou dat die Messias reeds gekom het en wel oorwin en betaal het, maar weer sal kom en finaal sal oorwin (vgl. Coetzee, 1984:347). Die huidige *aeon* omvat dus 'n *reeds* en 'n *nog nie*. Omdat Christus wel gekom het, *kan* transformasie en *vernuwing* plaasvind. Omdat Christus nog nie finaal teruggekome het nie, *moet* transformasie en vernuwing voortdurend plaasvind. Hierdie transformasie omvat 'n negatiewe en 'n positiewe dimensie. Negatief hou transformasie hier in: moenie aan hierdie *aeon gelyk(vormig)* word

nie. Die begrip wat hier gebruik word, hou 'n verbod in: "... to form a mould after something" (Rienecker, 1980:29). Die nuanse wat hier na vore kom, is 'n verbod om 'n wyse van gedrag of identifikasie aan te neem wat kongruent is met hierdie onvoltooide aeon. Juis daarom volg die imperatief om op te hou met hierdie soort gedrag: "Do not let the age in which you live, force you into its scheme of thinking" (vgl. Stott, 1994:57 e.v.).

Watter positiewe transformasie moet dan wel plaasvind?

"Word verander" hou in "be ye transformed in your innermost nature" (Rienecker, 1980:29). Die opdrag om nie gelykvormig te word nie, word gevolg deur die opdrag om wel verander te word – om 'n metamorfose te ondergaan om sodoende nuut te dink in 'n nuwe bedeling. Vernuwung hou in "putting an end to man's existing corrupt state ..." (Campbell-Lane, 2003:63). Die voorsetsel wat in Grieks gevoeg word by "nuut word", hou nie in die herstel of regmaak van 'n vorige toestand nie, maar 'n teenstelling met wat vroeër was – 'n algehele nuwe begin, reg van voor af; nie net maar 'n regmaak van wat verkeerd was nie (Campbell-Lane, 2003:66).

Hierdie transformasie moet juis plaasvind in die denke, "... the mind, the thinking power, reason in its moral quality and activity" (Rienecker, 1980:29). Louw en Nida (1989, II:170) betoog dat denke hier ook verband hou met die wyse waarop gedink word.

Dat die opdrag tot vernuwung in denke in die passief staan, hou in dat God self, die Heilige Gees, die primêre Outeur van transformasie in die denke van die gelowiges is.

Afleidings

- Transformasie moet gegrond word in God se ontferminge. Indien transformasie nie gegrond is in God se ontferminge nie, beteken dit dat transformasie 'n motief op sy eie word. Die Skrif ken nie transformasie wat op sy eie bestaan nie.
- Transformasie in denke is nodig omdat die gelowiges nog leef in die bedeling van *reeds* en *nog nie*.
- Transformasie hou in dat 'n gedragswyse wat eie aan die ou (sondige) bedeling is, nie beoefen moet word nie.
- Transformasie in denke en in die wyse waarop gedink word, hou in dat denke nie 'n herstel is van "ou" denke nie, maar dat denke algeheel vernuwe moet word (byvoorbeeld soos wat 'n rekenaar

heeltemal nuut geprogrammeer word) en dus in radikale teenstelling staan met vorige denkpattone.

2.4 Die transformasie van gedrag

Daar is veral van ernstige oproepe tot transformasie van gedrag sprake in Paulus se Briewe aan die Efesiërs en die Kolossense. Die tema van die Efesiërbrief kan geformuleer word as “Christus is die Hoof van die Kerk, sy liggaam” (vgl. Coetzee, 1995:61) en die tema van Kolossense as “Jesus, Hoof van die Kerk” (Coetzee, 1995:57). Wat opvallend is, is dat in hierdie Briewe deels dieselfde metafore gebruik word in die prediking om aan te spoor tot nuwe, veranderde gedrag.

’n Toepaslike snit uit Efesiërs 4:25-32 word gemaak as illustrasie van prediking tot transformering van gedrag. Daarna sal die bepaalde metafore vir gedragsverandering in Efesiërs vergelyk word met dieselfde metafore in Kolossense.

In die aangeduide gedeelte word transformerende imperatiewe gebruik (Ef. 4:25-32). Soos in Romeine 12 word hierdie imperatiewe begrond in die indikatiewe in Efesiërs 4:17 en volgende verse en 5:1.

Vers 20: Julle het tog van Christus gehoor en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is.

Vers 24: ... julle is as die beeld van God geskep.

Die transformerende imperatiewe in Efesiërs 4:25-32 word in 5:1 gevolg deur ’n ewe sterk indikatief.

5:1: Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet ...

Die imperatiewe tot gedragsverandering word dus omraam deur versoeningsindikatiewe. Die opdrag tot transformasie in gedrag omvat die volgende gedragsaspekte:

- Die waarheid praat, deur valsheid af te lê (vers 25).
- Nie kwaad bly nie (vers 26).
- Ophou steel (vers 28).
- Nie vuil taal gebruik nie (vers 29).
- Nie die Gees (wat transformeer!) bedroef nie (vers 30).

- Nie verbitterd, opvlieënd of woedend word nie, nie vloek of skel nie.
- Mekaar vergewe (vers 32).

Die metafoor *aflê* word in vers 25 gebruik vir transformasie. 'n Vergelyking met Kolossense 3:5-17 toon veral twee aspekte wat van belang is vir ons onderwerp. Die eerste is dat die inhoud van die transformerende imperatiewe in Kolossense 3:5-17 tot 'n groot mate, selfs letterlik, ooreenstem met dié in Efesiërs 4:25-32. Die tweede ooreenkoms is dat sowel in Efesiërs as in Kolossense die begrip *aflê* (uittrek) gebruik word om transformering aan te dui, maar alleenlik in Kolossense (3:10) word die term *aantrek* gebruik. In al drie gevalle staan hierdie opdragte in die medium om daarmee te sê julle moet vanself groot erns maak met transformasie in julle gedrag. Die vroeëre leefwyse moet deur julleself "uitgetrek" word soos ou klere en die nuwe mens (leefwyse) moet "aangetrek" word. Die gedagte van aantrek word ook in die Rabbynse literatuur gebruik in die sin van *beklee julle met die Tora*. Die Tora beklee 'n mens weer met deemoed en godsvrug.

In die sogenaamde Agtienbedegebied word byvoorbeeld ook gebid dat God sy erbarming sal aantrek en Hom sal klee in sy mag, Hom sal omhul in sy liefde en Hom sal aangord met sy genade (vgl. Venter, 1985:42).

Afleiding

- Transformasie van gedrag moet gegrond word in Christus se versoening, in die vernuwing na sy beeld en in die kindskap van die gelowige, wat weer rus in die liefde van God.
- Transformasie van gedrag hou 'n radikale breuk met die sondige gedrag van die verlede in – so radikaal soos die uittrek van vodge en die aantrek van nuwe klere.
- Prediking tot transformasie word veral in metafore verwoord.

2.5 Die transformasie van gesindheid

In dié gedeelte van die artikel word volstaan met een toepaslike snit uit Hebreërs. Hebreërs word deur meer outeurs beskou as 'n preek (vgl. Schenk, 2003:23), in besonder omdat duidelike homiletiese elemente, soos byvoorbeeld uiteensetting en toepassing, rekening hou met die situasie van die gemeente en toespitsing daarop deur die hele preek voorkom (vgl. Venter, 2001:519). Die tema van die Hebreërpreek kan weergegee word met die volgende samevatting:

“Ons het reeds in Christus die heerlike dinge beleef, volhard dan nou soos dit erfgename van die volmaakte erfenis betaam” (Coetzee, 1985:25-27).

Binne die Hebreërpreek word op meer plekke gedui op ’n gesindheid van traagheid en verval, met die daaropvolgende preekaksie tot transformasie. Vervolgens word enkele perspektiewe gebied uit Hebreërs 5:11-6:12.

Die gesindheid wat getransformeer moet word, blyk uit die volgende:

- Julle is *traag* om te leer (5:11). Teen hierdie tyd behoort julle self al leermeesters gewees het (onderrig gegee het) (6:12).
- Julle moet weer in die grondwaarhede onderrig word (5:12).
- ’n Mens moet julle met melk voed (5:13).
- Julle moet dus nie *traag* word nie (6:11).

Die preekaksie tot transformasie trek in Hebreërs 6 saam in die werkwoord *beywer*. “Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle end-uit dieselfde *ywer* as vroeër *aan die dag sal lê ...*”. Louw en Nida (1989, II:288) plaas die uitdrukking *ywer* in die semantiese veld van *gesindheid*. Die afwesigheid van *ywer* en geesdrif dui dus op ’n gesindheid van min of geen belangstelling en toewyding. Juis hierdie gesindheid moet getransformeer word tot ’n gesindheid van *ywer*, toewyding en volharding.

Dit is voorts opvallend dat die preek om transformasie in Hebreërs 6:10 gegrond word in die volgende indikatief: “Hy (God) sal julle werk nie vergeet nie ...”.

2.6 Transformasie deur identifikasie

Die aspek van identifikasie sal voorts ook op metateoretiese vlak aandag ontvang.

Onder *identifikasie* word hier verstaan ’n vereenselwiging van die prediker met die gemeente (vgl. Richards & Bredfeldt, 1998:274), hulle ideale, oorwinnings, vernedering en vreugde, maar nie met hulle sondige gesindhede of dade nie. Outeurs dui in hierdie verband byvoorbeeld aan hoe profete soos Amos en Esegïël geïdentifiseer het met hulle hoorders in hulle bepaalde situasies. Die diepste grond vir ’n prediker om met die gemeente te identifiseer met die oog op transformasie, lê in die identifisering van Christus met sy volk. Die omvattendste identifikasie lê in Immanuel, God met ons (Johnston, 2001:68; Loscalzo, 1992:34 e.v.).

Basis-teoreties word twee toepaslike gedeeltes uit die Nuwe Testament verken vir nadere perspektiewe op identifikasie.

Uit die Pastorale Briewe blyk hoe Paulus geïdentifiseer het met medebedienaars. Hy spreek Timoteus aan as “my ware kind” (1 Tim. 1:2; 1:18) en as “my geliefde kind” (2 Tim. 1:2), “my seun” (2 Tim. 2:1) en “my ware kind” (Tit. 1:3). Hierdie aanspreekvorme dui op verhouding en identifisering. Die intieme, vertrouensverhouding wat spreek uit “my ware kind”, dit wil sê, my egte, suiwer, geliefde kind is aanduidings van ’n diep, oop kommunikasieverhouding waarbinne transformasie kan plaasvind.

Dit is verder opvallend dat die ruimte waarbinne hierdie verhouding ontstaan en groei, die gemeenskaplike geloof is. Titus is Paulus se kind “in die gemeenskaplike geloof” (Tit. 1:3). Die gemeenskaplike geloof is die ruimte van die nuwe bestaanswyse, van die nuwe versoende verhouding tussen hulle wat die evangelie aangeneem het – en dus ook die oproep van die evangelie tot transformasie. Geloofsruimte is identifikasieruimte (Long & Killinger, 1996:97; vgl. Venter, 1976:148-150).

Verkondiging tot transformering geskied binne hierdie verhouding – ’n verhouding wat ook nader beklemtoon word in die metafoor van die huisgesin (1 Tim. 5:1, 2; 1 Tim. 3:4).

Identifisering – selfs in ’n situasie van vermaning

In Hebreërs 6:9-10 is sterk sprake van identifisering tussen prediker en hoorders. Dit is reeds gestel dat Hebreërs as ’n preek beskou kan word (2:5). In Hebreërs 6 word skerp aangedring op ’n transformasie van die verkeerde gesindheid by die hoorders. Al is die verkondiging ook al hoe skerp, bly die Hebreërprediker identifiseer met sy hoorders deur hulle, net hierdie een keer in die hele preek, aan te spreek as *geliefdes*:

Maar, geliefdes, al praat ons in hierdie trant, is ons oor julle oortuig van beter: dat julle gered sal word. God ... sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie (Heb. 6:9-10).

By die ernstigste aandrang tot transformasie hoort ook die innigste geloofsverhouding en identifikasie van die prediker met sy gehoor.

2.7 Samevatting van basis-teoretiese gesigspunte

- Die gemeenskaplike ondertoon in uitdrukkings wat vir prediking in die Nuwe Testament gebruik word, is 'n oproep tot transformasie, 'n oproep waarin die werk van die Heilige Gees sentraal staan.
- Prediking tot transformasie kan geskied omdat Christus *reeds* oorwin het en transformasie moet geskied omdat Hy nog finaal *sal* oorwin.
- Die oproep tot transformasie moet gegrond word in God se ontferming.
- Transformasie van denke hou nie die herstel van ou, sondige denke in nie, maar denke wat algeheel vernuwe is.
- Transformasie van gedrag hou 'n radikale breuk in met die sonde van die verlede en 'n radikale nuwe gedragswyse – so radikaal soos die uittrek van vodde en die aantrek van nuwe klere.
- Verandering in gesindheid kan net in ywer (nie in traagheid nie) begin en volgehou word.
- Diepgaande transformasie vereis diepgaande identifikasie van die prediker met die gemeente.

3. Prediking wat transformeer – meta-teoretiese gesigspunte

In hierdie afdeling word metateoretiese perspektiewe gebied op die volgende: die huidige kultuursituasie, naamlik die postmodernisme; 'n verwysing na enkele eksistensiële lydingsituasies in Suid-Afrika tans; die dinamika van taal in prediking tot transformasie; aspekte van die psigologiese dinamika van verandering (waaronder ook persoonlikheidstipes) en laastens die spiritualiteit van die bedienaar as prediker tot transformasie.

3.1 Perspektiewe op die huidige kultuursituasie

Hoewel die postmodernisme as 'n omvattende reaksie op die koue rasonale benadering van die modernisme beskou word, word dit ook erken dat die postmodernisme 'n nuwe fase in die Westerse kultuur inlei en ook in die wetenskap (Cilliers, 2003:22-23). In die postmoderne denke word daarom gebreek met absolute waarhede, ook waarhede wat verandering inhou. Die standpunt is dat juis hulle wat aan objektiewe waarheid glo, gevrees moet word. Om die alleenheerskappy van menslike rede (modernisme) te temper, word in die postmodernisme beweeg op die terrein van die wydste

verskeidenheid mense en kulture. Niemand is in sy standpunt reg of verkeerd nie, net anders (Cilliers, 2003:28) en hy/sy het reg daarop.

Daar moet, voordat enkele toepaslike tendense uit die postmoderne era uitgesonder word, teen twee uiterstes gewaak word. Die eerste is dat die verkondiging tot transformasie nie kompromieloos met die postmodernisme mag omgaan nie, byvoorbeeld deur die inhoud van die prediking sonder reserwe aan te pas by die hoorder. “He who marries the spirit of the age soon becomes a widow” (vgl. Johnston, 2001:10). Die tweede uiterste is dat die kritiek van die postmodernisme op samelewing, prediking en bedienaar summier oorboord gegooi word. Vorster (1999:105 e.v.) dui aan dat daar in die postmodernisme wins en verlies is vir die kerke en vir die praktiese teologie. Die wins is onder andere dat klem gelê word op persoonlike spiritualiteit en die beoefening van godsdiens en dat ruimte geskep word vir persoonlike ervaring – juis in teenstelling met oordrewe institusionalisme. Formalisme word as vyand beskou en gemeenskapsbeleving word hoog op die lys geplaas (Pretorius, 2003:2-3). As gevolg hiervan word die plaaslike kerk en plaaslike gemeente “hoër” geag as kerklike vergaderings. Outoritêre gesag word krities beskou en die uniekheid van die Skrif word bevraagteken. In die postmodernisme word geloof gelykgestel aan rasionalisme (Johnston, 2001:15).

In sy navorsing het Johnston (2001:93 e.v.) aangetoon dat in die prediking aan mense wat ook deur die gedagtes van postmoderne denkers beïnvloed word, veral die volgende in gedagte gehou moet word:

- Die idee van ’n objektiewe waarheid word verwerp.
- Gesag word bevraagteken.
- Verlange na gemeenskap is sterk.
- Christus is nie ’n unieke Verlosser nie. “He is merely a way to God and not the Way” (Johnston, 2001:96).
- *Narrow dogmatism* wat in swart/wit skemas dink en nie ruimte laat vir eie onderskeidings nie, word met argwaan bejeën (Johnston, 2001:93). Die gevolg is dat prediking wat voorskryf en nie ruimte laat vir die vryheid van ’n gemeentelid se eie denke nie, bevraagteken word.
- Waarheid word gemeet aan dit wat relevant en tot voordeel is vir die individu (vgl. Campbell-Lane, 2003:98). Juis daarom kan geen godsdiens daarop aanspraak maak om dié ware godsdiens te wees nie.

Hierdie enkele trekke word as toepaslik beskou met die oog op prediking wat transformeer. In die praktyk-teoretiese gedeelte word hierop teruggekom.

3.2 Perspektiewe op taalgebruik in die prediking

Juis op die vlakke van taal, taalgebruik en kommunikasie is navorsing gestimuleer deur die postmoderne kultuur. In hierdie verband het veral die werk van Ricoeur, 'n Christen-taalfilosoof, wye erkenning verkry. In verband met die metafoor en die gebruik daarvan, ook in prediking tot transformasie, het Ricoeur nuwe lig laat opgaan.

Die begrip *metafoor* beteken letterlik *om oor te dra*, en word vir die doeleindes van hierdie artikel omskryf as “die toepassing van 'n naam of beskrywing op 'n voorwerp, saak of persoon waarop dit volgens die verbeelding van toepassing is, maar nie letterlik nie” (Labuschagne & Eksteen, 1993:503). 'n Toepaslike metafoor laat 'n mens dus na die gewone wêreld kyk op 'n ongewone manier; dit hou in om “anders” te kyk na 'n saak en om daardeur self tot ander insigte te kom – met ander woorde, om verandering te ervaar (vgl. Brits, 2001:105). Juis daarom is die metafoor 'n kragtige stuk taalgereedskap om kommunikasie in prediking tot transformering te bewerk.

In hierdie verband word die aandag gevestig op die werk wat Brueggemann gedoen het oor die gebruik van die metafoor in die geloofslewe.

In biblical faith, wholeness depends on having our imagination fed in regular and intentional ways so that we are not reduced to one dimensional living ... the chance we have for faithful and free response depends on the imaginal realities through which life is mediated (Brueggemann, 1991:174).

Feltman (1996:31-32) wys daarop dat Brueggemann veral drie grondmetafore uitsonder as “foundational and as invitations to transformation” (Feltman, 1996:33). Hierdie drie metafore is “*kind* van God”, “*vriend* van God” (in die sin van Johannes 15:5) en “*dienskneg* van God”.

In sy proefskrif behandel Brits (2001:132-169) die wese van die metafoor asook die verskeidenheid in metafore. Vir ons doeleindes is hieruit veral die volgende toepaslik:

- Die metafoor het te doen met kognitiewe prosesse – twee verskillende gedagtes werk op mekaar in en word deur een woord oorgedra – ’n woord wat aan die hoorder ’n venster bied op dit wat ver-beeld word (Brits, 2001:135).
- Die metafoor kan emosionele beleving en meelewing onder hoorders opwek (Brits, 2001:142) en verwoord.
- Die metafoor is kreatief en plaas die hoorder op die spoor van die ontdekking van nuwe perspektiewe (Brits, 2001:145). Dit stel ook die prediker van transformasie in staat om nuwe konsepte te skep. Nuwe metafore het die krag om nuwe realiteite by die hoorders te skep en sodoende nuwe begrip en verandering in denke, gesindheid en gedrag teweeg te bring.

Verbeeldingskrag is ’n voorvereiste vir die effektiewe skep en werking van die metafoor. Dit wat onbekend is, word deur middel van die bekende verstaan (Brits, 2001:167). Die metafore van God as Vader en Christus as die Goeie Herder is voorbeelde hiervan. Uit die bekende word ’n beeld gebruik om iets (anders of diepers) te begryp van God se omgee en Christus se sorg.

3.3 Perspektiewe op menslike persoonlikheid

Oor hierdie onderwerp het in die jongste tyd insiggewende bydraes verskyn. Kruger (2004:21) stel dat die konsep *persoonlikheid* te doen het met die vaste denk- en gedragspatrone wat min of meer deurlopend by ’n persoon voorkom. Uit die definisie hierbo is dit duidelik dat menslike persoonlikheid in ’n noue verband staan met transformasie en dus ook met prediking tot transformasie. Hieroor het Nel (2001:29) ’n waardevolle bydrae gelewer, deur verskillende persoonlikheidstipes te ontleed, byvoorbeeld ten opsigte van wanhoop en persoonlikheid, angs en persoonlikheid en ook deur te fokus op persoonlikheidsverskille. Sy konklusie is dat persoonlikheid kommunikeer. Hierdie aspek moet as belangrik beskou word vir prediking wat transformeer. Dit is vir sowel die prediker as die hoorder van belang. Tewens, Brooks (1964:8) het alreeds ware prediking omskryf as “Truth through personality”.

Kruger (2004:22) stel die indringende vraag of persoonlikheid kan verander. Om die vraag te beantwoord, ontleed hy in ’n vroeëre werk verskillende persoonlikheidstipes (Kruger, 2000:116-147) volgens die oktale sirkumpleks en ook volgens die sestiensegment-sirkumpleks. Hy kies met die oog op persoonlikheidsanalise uiteindelik die interpersoonlike model as ’n komplementerende model (Kruger, 2000:147).

Wat verder van belang is, is dat Kruger (2004:22-23) ook 'n eenvoudige skaal ontwerp, 'n kontinuum wat 'n mens se hantering van nuwe ervaringe weergee. Heel links op die kontinuum is absolute geslotenheid, wat dui op wanaanpassing en heel regs op die kontinuum is absolute openheid, wat ook dui op wanaanpassing. Hoe meer geslote iemand is, hoe moeiliker is dit om te transformeer en hoe meer openheid 'n persoon kenmerk, hoe makliker word nuwe ervarings aanvaar. Tussen die twee eindpunte van geslotenheid en openheid lê die persoonlikheid wat goed aangepas is en waarbinne die manifestering van styl lê wat eie aan 'n bepaalde persoonlikheid is. Om 'n Christelike, volwasse persoonlikheid te hê, beteken om binne 'n bepaalde situasie die regte persoonlikheidstyl te gebruik (Kruger, 2004:23) en dus te kan onderskei wat die wesenlike is waarop dit aankom in 'n bepaalde situasie. Wie hom/haar laat beheers deur óf absolute geslotenheid óf absolute openheid kan in 'n sekere konteks die verkeerde styl kies.

3.4 Perspektiewe op die psigologiese dinamika ten tye van transformasie

Tye van groot paradigaverskuiwings, soos van die modernisme na die postmodernisme (Vorster, 1999:102) of soos wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, word gekenmerk deur 'n bepaalde psigologiese dinamika en 'n bepaalde psigologiese neerslag by mense en dit beïnvloed ook die lidmate van kerke op spesifieke wyses. Die prediker wat preek met die oog op die transformasie van denke, gesindheid en gedrag, moet 'n deeglike kennis hê van en insig in die eksistensiële situasie van lidmate en van die psigologiese dinamika van verandering. Hy moet ook bewus wees van die uitwerking van verandering op die emosionele behoeftes en reaksie van lidmate daarop.

Armoede het byvoorbeeld ingrypende psigologiese gevolge. Om in 'n beroep te staan bevredig bepaalde psigologiese behoeftes, byvoorbeeld die belewing dat iemand van waarde is vir 'n werkgewer, gesin en gemeenskap. Werk bevredig ook die behoefte aan 'n band met die samelewing om isolasie en vervreemding teen te werk; om die behoefte tot selfgating te bevredig en 'n bepaalde rolbesetting te bied. Frustrasie van die behoeftes lei tot gevoelens van verveeldheid, sinloosheid, moedeloosheid, depressie en verlies van eie waarde. In hierdie verband verwys Pieterse (2001:111-118) byvoorbeeld na die emosionele belewenis van God by vlugtelinge, armes, 'n ongeletterde huishulp, 'n dosent in teologie in 'n arm gemeenskap, 'n werklose jongman en 'n arm weduwee van tagtig.

Dit is egter nie net in gevalle van die eksistensiële situasie van armoede dat by lidmate transformasie van denke, gesindheid en gedrag moet plaasvind nie. Daar is in Suid-Afrika nog talle ander situasies wat 'n bepaalde psigologiese dinamika tot gevolg het. Een daarvan is byvoorbeeld die emosionele beleving van Vigspasiënte en dié van sy of haar gesin. 'n Ander voorbeeld hou verband met die dinamika by mense wat hulle werk verloor deur rasionalisasie of deur 'n gedwonge pakket te moet aanvaar. Transformasie in al sulke gevalle kan ook deur die prediking plaasvind.

Miskien is dit voldoende om hier te stel dat prediking tot transformasie nie kan verbygaan by die psigologiese dinamika wat tans as reaksie op die huidige eksistensiële situasie besig is om af te speel nie. Bogenoemde verkenning bied slegs 'n raamwerk van die dinamika, waarmee die prediker rekening moet hou. Emosies soos apatie, negatiwiteit, magteloosheid, frustrasie, angs, spanning, depressie en aggressie kan in die vermelde situasie verwag word.

Dit is belangrik om daarvan bewus te wees dat emosies in noue verband staan met wat gedink word in 'n bepaalde bedreigende situasie. Wat gedink word, bepaal die eie interpretering, respons en reaksie op wat waargeneem word. Dit is tans veral die bestudering van emosionele intelligensie wat by vernuwing aantoon dat hanteringsvaardighede tydens 'n situasie van transformering verband hou met innerlike waardestelsels. Juis op hierdie innerlike waardestelsels word die prediking tot transformasie gerig (vgl. Kruger, 2000:61, 319-322; Van Jaarsveld, 2003:70-73).

3.5 Perspektiewe op die spiritualiteit van die bedienaar as prediker tot transformasie

In die gegewens oor neigings in die postmodernisme is gestel dat die huidige kultuurklimaat lynreg staan teenoor 'n outoritêre houding, byvoorbeeld in herderlike werk en prediking. Prediking tot transformasie sal dus moet geskied deur 'n prediker in dienskneggestalte. Psigologies gesproke kom 'n prediker se dienskneggestalte na vore in 'n pastorale grondhouding. Hieronder word verstaan die gesindheid, mentaliteit, aard, medemenslikheid en kommunikatiewe sensitiwiteit wat ten grondslag lê aan die kommunikatiewe handeling (i.c. prediking tot transformasie). Hierdie houding word deur Louw (1993:321) uitgedruk as die empatiese respons waarin aspekte van gevoel, intimiteit en sensitiwiteit 'n groot rol speel. Empatie is dus die basis van die pastorale grondhouding en kan omskryf word as 'n gerigtheid op en 'n innerlike meegaan met 'n persoon in nood. Die innerlike meeleving moet sodanig wees

dat daar aanvoeling is met die ander se innerlike gesteldheid, sodat sy belewings vanuit sy/haar oogpunt gesien kan word (vgl. Venter, 1996:119).

Hierdie is die tipiese dienskneggestalte waarin die prediking tot transformasie behoort plaas te vind.

4. Praktiek-teoretiese riglyne

4.1 Die ingesteldheid van die prediker

Prakties moet die prediker van transformasie gebalanseerd oordeel oor die huidige kultuurpatroon waarin hy en sy hoorders elke dag leef. Hy moet nie 'n slagoffer van die tydsgeses word nie, maar 'n beoordelaar van die tydsgeses wees. Die kritiek vanuit die kultuurpatroon moet geweeg word. Die Woord van God staan vas en het gesag en Christus is die unieke en enigste weg tot saligheid. Die wyse waarop hierdie waarhede met die oog op transformasie gepreek word, moet egter eietydse en nederige wees en nie betersweterig nie.

'n Volgende aspek wat van praktiese belang is vir die prediker van transformasie, is sy hantering van gesag in die prediking. Die tydsgeses kan getipeer word as anti-dogmaties, anti-rigied en anti-otoritêr. 'n Prediker tot transformasie moet dus voorberei en preek vanuit die grondhouding dat geen gesag gesetel is in sy persoon of amp as sodanig nie. Indien hy die Woord suiwer en eerlik verkondig, het die Woord wat hy bring gesag. Dit is nie die bedienaar wat denke, gesindheid en gedrag transformeer nie, maar die Heilige Gees. Die bedienaar moet egter nie – onder andere deur sy beskouing en hantering van gesag in die bediening – in die pad van die Heilige Gees staan nie. Die laaste stelling hou nie in dat by die prediker van transformasie nie 'n sterk visie en doelwitte tot transformering aanwesig behoort te wees nie. Dit hou egter ook nie in dat die prediker nie 'n gefundeerde en sterk standpunt moet hê oor getransformeerde denke nie.

In ooreenstemming met bogenoemde beredenering, word identifikasie van die prediker met die hoorders van die prediking tot transformasie bepleit. Die basis van identifisering lê in die pastorale grondhouding van die prediker. Dié grondhouding funksioneer onder andere langs die weg van empatie, dit wil sê, 'n innerlike meegaan met die hoorder in sy vroeë, gebrokenheid en verwonding. Empatie hou ook in dat 'n prediker self laat blyk dat hy in 'n gebroke wêreld leef en verwondbaar is.

Laastens moet die ingesteldheid van die bedienaar prakties blyke gee dat hy preek vanuit die besef en veronderstelling dat persoonlikheid en weerstande deur gesindheid en gedrag verander kan word, primêr deur die Heilige Gees, maar ook langs die weg van prediking tot transformasie.

4.2 Die vormgewing van die preek

Die balans tussen 'n induktiewe en deduktiewe vormgewing van die preek moet gehandhaaf word in prediking tot transformasie. Induktief hou in dat die prediker by die hoorder en sy situasie as invalshoek in die inleiding van die preek begin en vandaar by die tema kom. Deduktief hou in dat met die tema van die preek begin word en dat hierdie tema in die inhoud nader ontvou en bevestig word. Dit mag egter dalk meer kommunikatief wees om in prediking tot transformasie meer induktief te werk te gaan en so direk 'n dialogiese karakter aan die preek te gee.

Dit is ook belangrik in die vormgewing van prediking tot transformasie dat imperatief en indikatief gebalanseerd gepreek word. Die imperatief tot transformasie rus altyd in die indikatief van God se groot transformasie in Christus. Waar indikatief en imperatief nie in balans gepreek word nie, ontaard prediking tot transformasie in wettisisme of fatalisme. In aansluiting hierby, moet in die vormgewing van die preek in gedagte gehou word dat die oproep tot transformasie nie 'n oproep is tot die blote regstel van wat verkeerd is nie, maar wel 'n oproep is om te lewe vanuit die radikale vernuwing deur die Heilige Gees – 'n lewe waarin die "oue" uitgetrek en die "nuwe" aangetrek word.

In die vormgewing van 'n preek tot transformasie, moet sterk rekening gehou word met die funksie van taal. Die gebruik van metaforiese taal en 'n helder en lewendige aanbieding is kragtige middels in prediking tot transformasie. Die effek van metafore word gemeet aan die graad van sy funksionaliteit. Die voorwaarde is egter dat metafore eietyds moet wees en dat gewone eenvoudige taal gebruik moet word. Die Heilige Gees gebruik in sy werk immers menslike taal om mense te verander.

Geraadpleegde bronne

BAGSTER, S. s.j. *The analytical Greek lexicon*. London: Spottiswoode.

BAUER, W. 1979. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. Chicago: Chicago University Press.

- BRITS, H.J. 2001. *Die transformasiekrag van die metafoor in die geloofspraksis met spesiale verwysing na prediking*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (D.Th.-proefskrif.)
- BROOKS, A. 1964. *On preaching*. New York: Seabury.
- BRUEGGEMANN, W. 1991. *Interpretation and obedience: From faithful reading to faithful living*. Minneapolis: Fortress.
- BUTTRICK, D. 1987. *Homiletic: Moves and structures*. Philadelphia: Fortress.
- CAMPBELL-LANE, Y. 2003. *Inner change: A pastoral-theological study*. Potchefstroom: North-West University (Potchefstroom Campus). (Ph.D. thesis.)
- CILLIERS, J.H.J. 2003. *Pastoraat aan adolessente wat by okkultiese subkulture betrokke is – 'n pastoraal-terapeutiese benadering*. Bloemfontein: UVS. (Ph.D.-proefskrif.)
- COETZEE, J.C. 1984. Paulus se eskatologiese prediking. (In Du Toit, A.B., red. *Handleiding by die Nuwe Testament V*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 332-364.)
- COETZEE, J.C. 1985. *Gedagtestruktuur van Hebreërs*. Potchefstroom: Fakulteit Teologie.
- COETZEE, J.C. 1995. *Route map to the books of the New Testament*. Part 1: The Letters of Paul. Orkney: EFJS.
- CRADDOCK, F.B. 1985. *Preaching*. Nashville: Abingdon.
- FELTMAN, R.W. 1996. *Preaching for transformation*. Columbia: Theological seminary. (D.Min. thesis.)
- JOHNSTON, G. 2001. *Preaching to a postmodern world*. Grand Rapids: Baker.
- KRUGER, F. 2004 *Verandering in die kerk. Maak seker jy verstaan dit*. Middelburg: Kruger.
- KRUGER, F.P. & VENTER, C.J.H. 2003. 'n Homileties-empiriese ondersoek van prediking en gesindheidsverandering. *In die Skriflig*, 37(3):461-484.
- KRUGER, S.F. 2000. *Menslike persoonlikheid en toerustende herderlike bediening: Aspekte van 'n metateorie, basisteorie en praktykteorie*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)
- LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993 *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Pretoria: Van Schaik.
- LONG, T.G. 1989a. *Preaching and the literary forms of the Bible*. Philadelphia: Fortress.
- LONG, T.G. 1989b. *The witness of preaching*. Kentucky: John Knox.
- LONG, T.G. & KILLINGER, J. 1996. The witness of preaching. (In Duduit, M., ed. *Communicate with power*. Grand Rapids: Baker. p. 95-108.)
- LOSCALZO, C.A. 1992. *Preaching sermons that connect. Effective communication through identification*. Illinois: InterVarsity.
- LOUW, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: RGN.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains I and II*. Cape Town: Bible Society of South Africa.
- MOULTON, J.H. & MILLIGAN, G. 1974. *The vocabulary of the Greek New Testament illustrated from the papyri and other non-literary sources*. Grand Rapids: Eerdmans.
- NEL, M. 2001. *Ek is die verskil: Die invloed van persoonlikheid in die prediking*. Bloemfontein: CLF.
- PIETERSE, H.J.C. 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede*. Pretoria: UNISA.

- PRETORIUS, J. 2003. *Die groot fokus, die groot gebod en die groot opdrag as sleutels in 'n model vir gemeentebou*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ph.D.-proefskrif.)
- REED, E. 1999. The preaching report card. *Leadership*, 20:82-87.
- RICHARDS, L.O. & BREFDELDT, G.J. 1998. *Creative Bible teaching*. Chicago: Moody.
- RIENECKER, F. 1980. *A linguistic key to the Greek New Testament. 2: Romans-Revelation*. Grand Rapids: Zondervan.
- ROTHMAN, K. 1991. Too close to home? Preaching the almost impreachable. *Journal for Preachers*, 14(2):22-28.
- SCHENK, K. 2003. *Understanding the book of Hebrews: The story behind the sermon*. Westminster: John Knox.
- SMIT, D.J. 1985. *Prediking as medium van verandering*. Stellenbosch: US. (M.Th.-verhandeling.)
- STOTT, J.R.W. 1994. *Romans God's good news for the world*. Downers Grove: InterVarsity.
- VAN JAARSVELD, P. 2003. *Die hart van 'n wenner: Ontwikkel jou emosionele intelligensie*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- VENTER, C.J.H. 1976. *Die bediening van die versoening aan die bejaarde: 'n Pastorale studie in die lig van die Pastorale Briewe*. Potchefstroom: Pro Rege.
- VENTER, C.J.H. 1985. *Die Pauliniese paranese in Romeine 12:1-15:13: 'n Eksegetiese studie*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)
- VENTER, C.J.H. 1996. *Uitkringende liefdesbetoon*. Pretoria: RGN.
- VENTER, C.J.H. 2001. Verklarende prediking – 'n herevaluering. *In die Skriflig*, 35(4):513-536.
- VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig*, 33(1):99-119.

Kernbegrippe:

denkverandering
gedragsvernuwing
gesindheidsverandering
prediking wat transformeer

Key concepts:

attitude change
behavioural change
change of mind
preaching that transforms

